

Donderdag 21 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 104:1-35

Fokusgedeelte: Psalm 104:33

Alles en almal is van die Here afhanklik!

Wie kan sonder die Here sinvol en betekenisvol lewe? Die antwoord is eenvoudig, niks en niemand nie. Alles en almal is van die Here afhanklik. Daarom staan Hy nooit ver en afsydig van sy skepping nie. Hy het dit alles deur sy woord tot stand gebring en deur die eeue is Hy ook die ewige Onderhouer daarvan. Die wind, die water en die weer is almal dienaars van die Here. As Hy praat, dan bewe en skud die berge. Hy bepaal die rigting en die roete van alles in die hemel en op die aarde. Groot en klein versorg Hy. Selfs die leeu en die lam, die mossie en die mens is almal van die Here afhanklik!

Ja, in die besonder kan óók die mens nie sonder die Here leef nie! En soos ons vir alles van ons tydelike bestaan van Hom afhanklik is, so ook alles vir ons ewige bestaan!

In en deur ons Here Jesus Christus kry elke oomblik van ons lewe sin en betekenis. Sy Woord en Gees is die voedsel en die krag vir ons ganse geestelike lewe. Hy is die bron van ons hoop en die asem vir ons lewe! En daarom bly ons dank en aanbidding (saam met die dgiter van Ps. 104) gefokus op Hom, die Lewende Woord en die Brood van die Lewe!

Jesus Christus is die begin en die einde! *In Hom en deur Hom en tot Hom* leef alle dinge! *Sonder Hom* is daar geen sin en geen betekenis nie en sterf almal in hulle ellende!

Ek wil die Here loof en my in Hom verbly, Hy vul my lewe en uit genade versorg Hy my vir die tydelike en die ewige! Loof die Here!

Sing: Psalm 104-1:1, 3, 19, 20, 21

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)